

Vol 04/2018		28/02/2018
	<b>PEDITATUS ON THE RUN</b>	
<b>Official Newsletter of the Association</b>		

## KOM OP PARADE

Wie is die Nasionale Uitvoerende Raadslede aan stuur van die SAIV sake?  
Oor die volgende paar uitgawes sal hulle aan u bekend gestel word.

### Werwing

Kol (aft) Kobus Loubser gebore 28 April 1957 het in 1976 sy Nasionale Diensplige by 11 Kommando Kimberley begin. Hierna word hy gekeur om 'n Junior Leierskursus in Oudtshoorn te doen. Hy sluit ook in hierdie tyd by die staandemag aan. Tussen 1977 en 1979 doen hy diens as Peleton Bevelvoeder by 11 Kommando waartydens hy vierkeer grensdiens doen. Tussen 1980/82 ondergaan hy verder opleiding by die Militêre Akademie te Saldanhabaai.



Hy word in 1983 as Kompanie Bevelvoeder by 1 SAI aangestel en doen diens aldaar tot 1987. In 1988 word hy as 2IB by 61Meg aangestel en neem deel aan operasies Hooper, Excite en Linger. In 1989 word hy bevorder tot luitenant kolonel en word by die Leërgeveeskool se Opleidings tak as instrukteur ontplooi. Hy neem aktief deel aan al die oefeninge. Hy tree ook op as instrukteur vir die Vegspan en Veggroep kursusse. In 1993 voltooi Kobus die Bevel en Staf kursus en word bevorder na die rang van kolonel. 1995 – 1998 SO1 en SSO Ops Konvensionele Ops by D Ops. Hy is hierna betrokke by die Rooivalk Projek en skryf die aanwendingsdoktrine van hierdie helikopter. Spesiale opdragte was om onder andere die Britse Helikopterskool in Engeland te besoek. Hy tree later ook op as gasheer vir 'n Belgiese Offisier en vergesel hom na verskeie eenhede en kommandemente in die RSA. Kobus reis ook na België, Duitsland en Frankryk en lê besoek af by militêre basisse.

Hy beplan Oefening Blue Hungwe in Zimbabwe. Hierdie was die eerste vredesoperasie waaraan die SAW deelgeneem het. In 1998 werk Kobus as senior stafoffisier by die SAW Hoofkwartier Direktoraat Strategie en Projekte afdeling. Hy neem in 1998 'n vrywillige skeidings pakket en verlaat die SAW.

Hierna begin hy sy eie besigheid en is tans die eienaar van die suksesvolle Outdoor Galore Spanbou maatskappy. Hy bied ook op versoek 4x4 toere na Namibie/Angola aan en is tans besig om die reëlins vir 'n toer in September 2018 te finaliseer.

Kobus is aktief betrokke by die SAIV se Nasionale Uitvoerende Raad en staan aan die hoof van die besige werwings portefeulje.



## WELKOM



Die NUR rig 'n spesiale woord van welkom aan AO1 Cynthia-Maré Gouws. Cynthia het ingestem om die NUR, en in besonder vir Geoff, by te staan met die administratiewe take.

## TAK NUUS

### Hinderlaag 7 Maart 2018 Pretoria



Die volgende Hinderlaag vind plaas op 7 Maart 2018 om 12:00 te Bronbergwynlandgoed, Pretoria.

Besprekings is noodsaaklik en moet met Geoff by [Geoff@sainfantry.co.za](mailto:Geoff@sainfantry.co.za) bevestig word asseblief.

## Nuwe Takke

Kobus Loubser, voormalige 61Meg Bn se 2IB, soek infanteriste om landswyd SAIV takke te stig. Neem nou die inisiatief daar in jou dorp en kry die infanteriste bymekaar. Kontak vandag nog vir Kobus by [Kobus@sainfantry.co.za](mailto:Kobus@sainfantry.co.za) en hy sal jou al die inligting, leiding en dokumentasie gee om jou tak te vestig.

## LIDMAATSKAP

Sedert November 2017 was daar 'n spesiale aksie geloods om nuwe lede te werf. Hierdie aksie het vrugte afgewerp en onlangs is die 100ste aansoek ontvang. Die SAIV is baie opgewonde met die besonderse belangstelling van Infanterie veterane om by die Vereniging aan te sluit en betrokke te raak met veterane sake.

### **NB – LEDEFOOIE 2018**

Ledefooie vir 2018/2019 is in Februarie betaalbaar asseblief. Betaal dit asseblief so gou moontlik direk in die SAIV se rekening in. Gebruik u voorletters en van as verwysing asseblief. Sou u die bankbesonderhede benodig, stuur 'n epos aan [Geoff@sainfantry.co.za](mailto:Geoff@sainfantry.co.za) of [leon@sainfantry.co.za](mailto:leon@sainfantry.co.za) asseblief.

Om die Lidmaatskap aansoekvorm te voltooi. [Kliek hier](#)

# REFLECTION

## Last Post

NTR

## Rantsoen Pakkie

### Kom ondervind en beleef self

**Psalm 34** – *“Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat Hom dien, en red hulle. Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil. Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie.”* (Ps.34:8-10)

Ondervind en sien self dat die Here goed is. Jy as Christen moet nooit van hoor-sê lewe nie; jy moet jou Christenskap self ondervind. Jy moet nooit op ‘n afstand staan nie, maar in ‘n persoonlike verhouding wees met ons Here Jesus Christus, ons God en die Heilige Gees wonend in jou hê.

Ons is te geneig om na die swaar en donker kant van ons lewens te kyk. Kyk vandag by dit alles verby en “ondervind en sien self” al die goedheid wat die Here elke dag aan jou bewys.

Soos die ou liedjie sê: “Tel jou seëninge, tel hul een vir een, en jy sal verbaas wees oor wat God jou skenk.....”

## Wel en Weë

Die Wel en Weë word deur Johan Vorster opgestel en versprei. Dit bevat ‘n wyse spektrum van inligting van alle vertakkinge van die SAW en u word aangemoedig om die nuusbrief gereeld te lees. Die nuutste Wel en Weë is altyd beskikbaar op die SAIV se webtuiste.

Om die Wel e Weë te lees [Kliek hier](#)

## PARADES

Die NG Gemeente Randpoort, Randfontein, herdenk vanjaar die 100-jarige bestaan van die gemeente. As deel van die verrigtinge bied die SAIV ‘n herdenkingsdiens op 15 April 2018 aan.

Albert Peters staan aan die stuur van sake, sou u wil inskakel, of meer inligting wil bekom, word u genooi om met hom kontak te maak by [susan@bfaskills.co.za](mailto:susan@bfaskills.co.za).



### 2018 Program

DATE	EVENT	VENUE	START TIME
31 May	Commemoration Service	Voortrekker Monument	11:00
11 November	Remembrance Sunday (Poppy day)	Union Buildings	11:00
11 November	City of Jhb Nat Remembrance Service	Cenotaph Library Gardens	TBA

For a full list is CMVO parades. [Click here](#)

## FACEBOOK



Gedurende Februarie het die SAIV se facebook blad 130 lede bygekry. Al die nuwe facebook lede word hartlik verwelkom. Sluit gerus ook aan as 'n volwaardige SAIV lid.

Om die Lidmaatskap aansoekvorm te voltooi. [Kliek hier](#)

## WEBTUISTE

Die SAIV se webtuiste word goed ondersteun en u word ook aangemoedig om hierdie bron van die SAIV se inligting en bedrywighede, te besoek. Lees daar wie die SAIV is en waarvoor die SAIV staan. Kyk na die talle ou diensplig- en grensfotos en moenie die stories misloop nie.

Verskeie aansoekvorms is daar beskikbaar. Die SAIV se Kontitusie is ook beskikbaar om afgelaai word.

Om die webtuiste te besoek [Kliek hier](#)

## STORIES / BYDRAES

Lede word aangemoedig om stories en of fotos in te stuur vir plasing in hierdie nuusbrief en ons [webtuiste](#). Skryf ook gerus aan die Redakteur sou iets u pla of net om te gesels.

Die epos vir alle gewaardeerde bydraes is: [peditatus@sainfantry.co.za](mailto:peditatus@sainfantry.co.za)

*Die Redakteur*

